**6.14 DEPARTEMENT MODERNE VREEMDE TALE**
**AFDELING A**
**MODULE-INHOUDE: GRAADPROGRAMME**
**26107 Duits**
*Opmerkings*
1.
**Duits 178** word vir beginners aangebied; **geen voorkennis van Duits word vereis nie**. Die kursus is bedoel om studente ’n *basiese* interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Duits in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en - in ’n mindere mate - te skryf; en wél met ’n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in die Duitssprekende lande.
**Duits 188** maak voorsiening **vir studente wat Duits in Graad 12 geslaag** óf, na die oordeel van die Departement, ’n gelykwaardige standaard daarin bereik het. Ná Duits 188 volg hierdie studente Duits 288. Hierdie baan staan intern bekend as “Duits Hoër”.
2.
Studente wat Duits Moedertaal in Graad 12 met minstens ’n B-simbool geslaag het, kan op aanbeveling van die Departement deur die Senaat of die Uitvoerende Komitee handelende namens die Senaat ná suksesvolle aflegging van ’n spesiale toelatingseksamen direk toegelaat word tot Duits 288. Hierdie eksamen sal afgelê word binne twee weke van die aanvang van klasse in Februarie. Ten einde aan die kredietvereiste vir ’n BA-graad te voldoen, is minstens ’n ander taal of Algemene Taalwetenskap ’n newevereiste met dien verstande dat aan die bepalings betreffende kombineerbare vakke voldoen moet word.
3.
Die tweede- en derdejaarskursusse lei studente tot gevorderde interkulturele kommunikasievermoë. Ook hierdie kursusse fokus op die hedendaagse leefwêreld, maar hulle sluit die historiese dimensie daarvan in. In besonder word studente se vaardigheid ontwikkel om -
a) tekste (in die ekstensiewe sin van die woord) kultuurkontrastief te verstaan en te gebruik, wat o.a. die volgende vereis:
’n insig in kommunikasieprosesse,
’n kennis van basiese tekswetenskaplike beginsels en
’n kritiese bewussyn van ooreenkomste en verskille tussen die uitgangs- en die teikenkultuur;
b) mondelinge en skriftelike bewys te lewer van die vaardighede en kennis in a) hierbo genoem. Selfstudiekursusse, rekenaarlesse en ander ondersteunende materiaal word beskikbaar gestel vir die verbetering en uitbreiding van hierdie kennis, insig en vaardighede.
4.
Studente wat in Duits 278 besonder goed presteer, kan by die Departement die Goethe-Institut se eksamen vir die *Zertifikat Deutsch (ZD)* aflê.
In die derde studiejaar word studente se taalvaardigheid gevestig en uitgebou tot op die vlak van die Goethe-Instituut se *Zentrale Mittelstufenprüfung (ZMP)*. Hierdie eksamen kan op voorafbepaalde datums by die Departement afgelê word.
5.
Alle voorgraadse kursusse in Duits maak gebruik van deurlopende assessering.

178(24) *Inleiding tot die Duitse Taal en Kultuur (vir studente sonder Duits in Graad 12)* (3l, 1t, 1p)
Inleidende taalstudie
Inleiding tot die kontemporêre landskunde aan die hand van temas
Studie van tekste n.a.v. hierdie temas

188(24) *Duitse Taal, Literatuur en Kultuur van die 20ste en die 21ste Eeu (vir studente met Duits in Graad 12)* (3l)
’n Kultuurhistoriese oorsig oor die tydperk aan die hand van temas
Studie van tekste n.a.v. hierdie temas
Intermediêre taalstudie

278(32) *Intermediêre Studie van die Duitse Taal, Literatuur en Kultuur* (3l, 1p)
Voortgesette taalstudie
Konsepte en beginsels van Duits as Vreemde Taal
Vergelykende landskunde aan die hand van temas
Studie van tekste n.a.v. hierdie temas

288(32) *Duitse Taal, Literatuur en Kultuur van die 18de Eeu tot die hede (vir studente wat Duits 188 geslaag het)* (3l)
'n Kultuurhistoriese oorsig oor die tydperk aan die hand van temas
Studie van tekste n.a.v. hierdie temas
Gevorderde taalstudie

379(48) *Gevorderde Studie van die Duitse Taal en Kultuur* (2l, 2p)
Gevorderde taal- en kultuurstudie deur middle van 'n verskeidenheid van tekste en temas

389(48) *Gevorderde Studie van die Duitse Literatuur en Kultuur* (3l, 1p)
Gevorderde literatuurstudie insluitende film en media
Gevorderde kultuurstudie
Gevorderde taalstudie
…

**NAGRAADS**
***HONNEURSPROGRAM IN DUITS*** (4l, 2s)
*Kode: 26107 - 778(120)*
**Toelatingsvereistes**
'n BA-graad met Duits as hoofvak. 'n Gemiddelde prestasie van 60% word in die hoofvak vereis.
**Programstruktuur en -inhoud**
*Aard van program*
Die eerste module bestaan uit drie temas uit die Duitse letterkunde wat in weeklikse seminaarsessies aangebied word. Gedurende die seminaarsessies lewer studente werkopdragte in en doen aanbiedinge oor bepaalde temas. Die tweede module behels die skryf van 'n navorsingswerkstuk waarvoor studente selfstandige navorsing doen.
*Module-uiteensetting*
*Verpligte modules*
10172 Duitse letterkunde en bemiddelingsaspekte 771(90)
10173 Werkstuk (Duitse letterkunde) 772(30)
**Assessering en formele bepalings**
Assessering van 771 vind plaas deur middel van geskrewe werkopdragte, klasaanbiedings en formele skriftelike sowel as mondelinge eksamens. Die assessering van 772 sluit, benewens die werkstuk, ook 'n mondelinge verdediging in. 'n Prestasiepunt van 50% word vir elke module as slaagpunt vereis.
**Navrae**
Programkoördineerder: Prof Carlotta von Maltzan
Tel.: 808 2034
E-pos: vmaltzan@sun.ac.za
Webadres: www.sun.ac.za/forlang

***MA-PROGRAM IN DUITS***
*Kode: 26107 - 878(120) (NKR 8a: 100%-tesis) (NH)*
*- 877(240) (NKR 8a: 100%-tesis) (NB) (Senaatstoelating) (Word nie in 2006 aangebied nie)*
**Toelatingsvereistes**
Honneurs in Duits of 'n gelykwaardige en toepaslike kwalifikasie wat deur die Senaat goedgekeur word.
**Programstruktuur en -inhoud**
*Aard van program*
Studente skryf 'n tesis oor 'n onderwerp wat deur die Departement en die kandidaat in onderlinge oorleg bepaal word.
*Module-uiteensetting*
*Verpligte module*
26107 Duits 878(120)
**Assessering en formele bepalings**
Suksesvolle voltooiing van die program behels die afhandeling van 'n navorsingsprojek en die dokumentering daarvan in die vorm van 'n tesis wat 100% van die prestasiepunt tel en wat deur interne sowel as eksterne eksamineerders, ook by wyse van 'n mondelinge eksamen, beoordeel word.

**Navrae**
Programkoördineerder: Prof Carlotta von Maltzan
Tel.: (021) 808 2034
E-pos: vmaltzan@sun.ac.za
Webadres: www.sun.ac.za/forlang

***DLitt-PROGRAM IN DUITS***
*Kode: 26107 - 978(240)*
**Toelatingsvereistes**
MA in Duits of ’n gelykwaardige en toepaslike kwalifikasie wat deur die Senaat goedgekeur word.
**Programstruktuur en -inhoud**
*Aard van progam*
Studente skryf ’n proefskrif oor ’n onderwerp wat deur die Departement en die kandidaat in onderlinge oorleg bepaal word.
*Module-uiteensetting*
*Verpligte module*
26107 Duits 978(240)
**Assessering en formele bepalings**
Suksesvolle voltooiing van die program behels die afhandeling van ’n navorsingsprojek en die dokumentering daarvan in die vorm van ’n proefskrif wat 100% van die prestasiepunt tel en wat deur interne sowel as eksterne eksamineerders, ook by wyse van ’n mondelinge eksamen, beoordeel word.
**Navrae**
Programkoördineerder: Prof Carlotta von Maltzan
Tel.: (021) 808 2034
E-pos: vmaltzan@sun.ac.za
Webadres: www.sun.ac.za/forlang

Uittreksel uit die Jaarboek , Lettere en Wysbegeerte, 2006